30 November 2006

Hiermee getuig ek graag.

Hiermee wil ek onder u aandag bring dat ek n student van Creative Latent Productions was in 2006.

Dit was vir my n voorreg en plesier om deel te kon wees van die college. Die kursus was uitstekend en baie profesioneel aangebied. Die hoof en eienaar van Creative Latent Productions Mev Betsi-Ann Muller, het werklik baie moeite en aandag aan die studente gegee. Sy het werklik tyd gemaak om met die studente te kommunikeer.

Dit is die eerste college wat ek van kennis dra wat so n aangename en ontspanne atmosfeer het. Ek het voor ek ingeskryf het, by verskillende college's navrae gaan doen en dadelik baie welkom en n great atmosfeer gevoel. Creative Latent Productions het my die kans gegee om myself te wees en op n kreatiewe manier te kon groei, en myself totaal te kon uileef as fotograaf, fotografie is n baie groot passie in my lewe.

Aan die einde van ons kursus het 'n paneel wat bestaan het uit externe professionele fotograwe in die industrie ons werk kom beoordeel. Een van my foto's is aangewys as "2nd runner up". Dit was vir my 'n groot eer. Ek voel nou bekwaam om die industrie as n professionele fotograaf te betree. Ek het onmiddelik nadat ek gegradeer het op grond van my werk se kwaliteit n pos gekry by n professionele fotograaf en studio. Ek sal graag later in my lewe ook my eie studio wil begin, en ek glo dat ek genoeg van n besigheids aspek van Betsi-Ann af geleer het, (what a bonus!!) om ook n suksesvolle besigheid te kan begin. Die make-up klasse was ook n great addition. Dankie!!!

Ek sal enige persoon na Creative Latent Productions verwys as hulle fotografie as loopbaan oorweeg. Ek glo en vertrou dat hierdie maatskapy gaan groei in een van die grootste, mees bekendste fotografie skole in die Weskaap, Betsi-Ann se passie vir haar studente, en die liefde vir haar werk groei so op die studente, dat ek vas glo dat elke student soos ek vir die res van hul lewens met n stukkie van haar passie sal oud word. Sy was werklik n groot inspirasie in my lewe.

Dankie vir die geleentheid.

Mej L Roode
Student 2006